

APRIL: God se vernuwingstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid

Saterdag 27 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:1-15

Fokusgedeelte: Hebreërs 12:10, 14

Gereed gemaak om God te sien

Sonde verstrengel en belas 'n mens in die geloofswedloop en daarom maak dit 'n mens baie moeg. So moeg dat jy wil uitsak.

Die gelowiges aan wie hierdie brief gerig is, het nog nie tot die dood toe teen hulle sonde gestry nie, sê vers 4. Daarom wou hulle uitsak. Hulle hemelse Vader het hulle egter nie laat staan nie. Die skrywer verduidelik dat die Here eintlik besig was om hulle te oefen deur tugtiging, sodat hulle hul sondes kon afsterf. Hy heilig sy kinders se lewens deur swaarkry, sodat hulle die sondelas kan afgooi om enduit te volhard. Daarom moet die gemeente nie flou word as die Here hulle tug nie, want Hy behandel hulle as sy egte kinders (vs 5). Vers 10 sê dat die Here hulle tigtig, sodat hulle aan sy heiligheid deel kan kry. Dit herinner weer aan die gedeelte uit Levitikus 20 van Donderdag, waar God sê dat sy kinders heilig moet wees, aangesien Hy heilig is.

Ons moet dit goed vashou: die Vader straf nie sy kinders nie. Sy heiligheid verteer hulle nie, want sy Seun het hulle straf gedra. Nee, in sy heiligheid tug Hy ons. Hy snoei aan ons, sodat ons al hoe meer heilig kan word. Hy doen dit, want Hy wil dat ons gemeenskap met Hom sal hê. Dus, wanneer ons heiligmaking voltooi is, sal ons nie net die wedloop voltooi nie, maar ons sal God se aangesig sien. Vers 14 sê dat ons die heiligmaking moet najaag, waarsonder niemand God sal sien nie. Wees getroos! Wanneer die Here ons tug, heilig Hy ons. Hy maak ons gereed om sy aangesig eendag te kan sien.

Die gemeenskap van die heiliges het egter nog 'n troos. Christus sal deur sy Gees klaar maak wat Hy in ons begin het. Hy sal ons heiligmaking voltooi, sodat ons God kan sien. Laat ons nie moedeloos word of opstandig raak wanneer ons hemelse Vader ons tigtig nie. Hy laat ons deel kry aan sy heiligheid, want Hy wil dat ons Hom eendag sal sien.

Sing: Psalm 118-1:1, 9

Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)